
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

EN DIE WOORD HET VLEES GEWORD

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God... En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon. John. 1:1 & 14.

Ons dien 'n God wat volkome en totaal betroubaar is en altyd getrou. Sy Woord is vir ewig vasgestel en Sy integriteit ontwyfelbaar.

Volgens die Verklarende Woordeboek beteken integriteit die volgende: *onomkoopbaarheid, eerlikheid en opregtheid.* Dis presies wat God is, daar is by Hom geen sweempie van oneerlikheid of leuens nie, met ander woorde, HY IS WAARHEID. Ons lees in **Deut. 32: 4. ...'n God van trou en sonder onreg, regverdig en reg is Hy.** En in **Num. 23:19** lees ons; **God is geen man dat Hy sou lieg, of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of speek en dit nie waar maak nie?**

Omdat God WAARHEID is, is Sy Woord WAARHEID, en dit is bevestig in **John. 17: 17: ...U Woord is die WAARHEID.** Die Bybel is 'n rekord van God se gesproke Woord en ons kan ons lewe daarop waag. DIT IS DIE WAARHEID. Daar is geen leuens in nie en geen weersprekings nie.

Jesus Christus was die verpersoonliking van God (hulle is Een) en Hy het gesê: **Ek is die weg en die WAARHEID en die lewe... (John 14: 6).**

Die Woord van God is die openbaring van die Karakter van God en ons moet dit lees asof ELKE WOORD vir ons persoonlik is: daar is geen valshede in nie, ons kan dit heelhartig vertrou. **Matt. 5. 18: Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een tittel van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.**

God se Woord sal vir altyd bestaan, dit sal nooit sy krag of sy waarheid verloor nie. Dit is onverganklik! **...want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewend Woord van God wat tot in ewigheid bly (1 Pet. 1: 23.).** Die Woord van God kan nie ophou om te bestaan nie. Dit is "God geasem" en is ewigdurend soos die God wat dit geïnspireer het.

Ons lees in **2 Pet. 1:21: Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.** En **2 Tim. 3:16** verseker ons dat; **Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,**

Beide 2 Pet 1: 21 en 2 Tim. 3: 16 laat ons duidelik verstaan dat God die Heilige Gees Self die skrif "ingegee" (geïnspireer) het.

Kyk na die volgende feite: Die Bybel is deur 40 verskillende mense (in verskillende lande, met verskillende kulture, wat mekaar meestal nie geken het nie) geskryf oor 'n periode van 1500 jaar, en daar is nie een weerspreking nie. Dit sou vir die mens onmoontlik wees om te doen, maar God kon dit doen!

God se Woord is al iets in die heelal wat NOOIT VERANDER NIE: die volgende geslagte sal nog dieselfde Bybel hê, en die geslagte daarna, totdat Jesus kom. Mense en dinge verander: God se onfeilbare Woord NOOIT!!

Die Christen godsdiens is om verskeie redes verhewe bo alle ander godsdienste. Eerstens, omdat dit eintlik nie 'n "godsdiens" in die ware sin van die woord is nie, maar 'n "verhouding" tussen die wedergebore mens (hy wat Jesus Christus ken en dien as sy Verlosser) en die Lewende God, want God sê: "Noem my Hemelse Vader." Tweedens is dit 'n godsdiens wat gaan om 'n Verrese Heiland, Jesus Christus, die Seun van die Lewende God, in teenstelling met ander godsdienste waar dit gaan om "Leiers wat gesterwe en begrawe is," bv. Mohammed van die Islam, Boeddha van die Boeddhiste, ens. Derdens is die Christen godsdiens die ENIGSTE wat deurspek is met profesieë gelewer duisende jare gelede deur die Heilige Gees deur middel van profete (en dit is alles opgeteken in die Bybel) EN (en dis die heerlikheid daarvan!) waarvan 'n baie groot gedeelte van die profesieë al in vervulling gegaan het! Hierdie derde feit op sigself is al 'n voldoende WAARMERK vir die integriteit en die Waarheid van die Bybel en die geloof van die Christen.

Terloops, mense wat die flou argument gebruik dat die Bybel homself weerspreek, is gewoonlik mense wat of gebrek aan kennis het van die Bybel of

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - En die Woord het Vlees geword……)
mense wat Skrif uitverband en konteks neem. Dit is ook gewoonlik mense wat nie hulle lewe in lyn wil bring met die Bybel se voorskrifte en opdragte nie. Dit is die Heilige Gees wat die Bybel se boodskap aan ons openbaar en Lewend maak, en ek is oortuig uit my eie ondervinding dat voordat ek wedergebore was, was die Bybel 'n dooie letter vir my gewees, maar nou is die Woord Lewendig!

Wanneer ons die Bybel lees, lees ons beslis nie feëverhale nie, maar *deklarasies van God:* DIE WOORD VAN GOD. Dit is die onfeilbare, onwankelbare, onveranderlike Woord – tog vind ons dit soms so moeilik om dit te glo, te vertrou en ons lewenswandel daarop te baseer.

As 'n mens 'n studie maak van profesieë in die Bybel en hoe hulle waar geword het, soms, soos bereken, met een kans uit 75 miljoen, staan 'n mens oorweldig deur die Grootheid en INTEGRITEIT van God en van Sy WOORD. **Wanneer ons aan God se Woord twyfel, twyfel ons aan Sy Karakter, Sy integriteit.**

Soos ek gesê het, is die unieke karaktertrek van die Bybel sy *profesieë.* Baie mense van vandag verwerp Bybelse profesie as onbelangrik vir ons tyd, omdat, volgens hulle mening, logika en juistheid ontbreek. Petrus sê egter in **2 Pet. 1:19: En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op `n lamp wat in `n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte.** Petrus sê dat alhoewel hy en die ander dissipels ooggetuies van Jesus se lewe, wonderwerke, dood, opstanding en opvaar na die hemel was, is die profetiese woord selfs meer akkuraat as enige ooggetuie verslag. Ons weet dat in 'n hof, 'n ooggetuie verslag beskou word as die volstrekte standaard van waarheid en akkuraatheid, en Petrus verklaar dat Bybelse profesieë se waarheid volkome is. Petrus sê ook dat Bybelse profesie 'n goddelike lig is wat ons deur die geestelike duisternis van hierdie geslag lei, totdat ons Here Jesus kom.

Daar is baie profesieë in die Bybel oor baie verskillende dinge. Maar die belangrikste profesieë sentreer rondom die persoon van die Here Jesus Christus. Daar is ongeveer 300 bepaalbare profesieë oor die komende Messias. Jesus het drie en dertig van hierdie vervul op die dag wat Hy gesterf het.

Ons gaan nou agt van hierdie profesieë beskou:

Messias wat in Bethlehem
gebore sou word.

Ons lees in die Ou Testament, **"En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid" (Miga 5:2).**

Die Nuwe Testament sê, **"En toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is, in die dae van koning Herodes…" (Matt. 2:1).**

Messias sou deur
'n Boodskapper voorafgegaan word..

Die Ou Testament verklaar, **"'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!" (Jes. 40:3).**

Die Nuwe Testament lees, **"In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom. Want dit is hy van wie deur die profeet Jesaja gespreek is toe hy gesê het: Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit!" (Matt. 3:1-3).**

Messias sou Jerusalem op 'n Donkie Binnegaan.

Die Ou Testament sê, **"Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel-op 'n jong esel, die vul van 'n eselin" (Sag. 9:9).**

Die Nuwe Testament verklaar, **"Sê vir die dogter van Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe, sagmoedig, en Hy sit op 'n esel, ja, 'n jong esel, die vul van 'n pakdier" (Matt. 21:5).**

Messias deur 'n Boesem Vriend Verraai.

Die Ou Testament lees, **"Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het, wat my brood eet, het die hakskeen teen my opgelig" (Ps. 41: 10).**

Die Nuwe Testament lees, **"Judas Iskáriot, die een wat Hom verraai het" (Matt. 10:4).**

Messias Verkoop vir Dertig Silwer Stukke.

In die Ou Testament sê dit, **"Toe het hulle my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer" (Sag. 11:12).**

Die Nuwe Testament vervulling is, **"Daarna het Judas ….. die dertig silwerstukke teruggebring na die owerpriesters en die ouderlinge" (Matt. 27:3).**

Messias Stil Voor Sy Aanklaers.

Die Ou Testament verklaar, **"Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie" (Jes. 53:7).**

Die Nuwe Testament lees, **"Hy het hom op geen enkele woord geantwoord nie, sodat die goewerneur hom baie verwonder het" (Matt. 27:14).**

Messias se Hande en Voete Deurboor..

Die Ou Testament sê, **"Hulle het my hande en my voete deurgrawe" (Ps. 22: 17).**

Die Nuwe Testament vervulling is, **"het hulle Hom daar gekruisig" (Luk. 23:33). (Toe Jesus gekruisig is, was Sy hande en voete deurboor).**

Messias Saam Met Oortreders Getel.

Die Ou Testament lees, **"Saam met die oortreders getel was" (Jes. 53:12).**

Die Nuwe Testament vervulling lees, **"Toe word daar saam met Hom twee rowers gekruisig" (Matt. 27:38).**

Die waarskynlikheid dat dit net sou gebeur dat enige persoon hierdie agt profesieë per toeval of onvoorsiens kon vervul, is prakties onmoontlik. Die waarskynlikheid is een in tien tot die sewentiende mag. Dit is 'n een met sewentien nulle daarna. Dit is 'n getal so groot dat ons dit nie eers kan begin om te verstaan nie. Om 'n duideliker begrip van die

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - En die Woord het Vlees geword….)
onwaarskynlike te kry, word die volgende illustrasie gegee.

Veronderstel dat 'n gebied die grote van die Wes – Kaap, bedek is met twee voet twee Rand munte. Iewers in die middel van daardie twee Rand munte, is een twee Rand munt met 'n klein rooi kolletjie op. Jy blinddoek iemand en stuur hom uit om daardie twee Rand munt met die rooi kolletjie op te vind. Die individu kry slegs een kans. Dat die persoon daardie een twee Rand munt met die rooi kol sal optel is ondenkbaar, want so 'n waarskynlikheid is hoogs onwaarskynlik. *Net so sal enigeen dwaas wees om te glo dat net hierdie agt profesieë alleen deur menslike wysheid gegee is en deur een man, toevallig, vervul is.* Daar is net een redelike verduideliking. Die apostel Petrus gee aan ons die antwoord met hierdie woorde, **"want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Pet. 1:21).**

Die profeet Jesaja het gesê, **"Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid" (Jes. 40:8).** Ons, wat Jesus as Here ken, het daardie, **"een of ander seker woord van God"** gevind en soos ons dit op ons lewens toepas, *sal dit ons deur die gevaarlike lewens see dra.* Ek het verklaar dat daar ongeveer 300 profesieë in die Bybel betrekking het op Jesus die Messias, maar daar is in totaal omtrent vyf tot ses duisend profesieë wat 'n menigte ander onderwerpe dek, waarvan 95% tot die fynste besonderheid vervul is, en ander is nou in hierdie tyd besig om vervul te word. Die waarskynlikheid dat al hierdie profesieë vervul is, is so onmeetlik dat daar nie genoeg druppels water in al die oseane is om die vergelyking te vervul nie. Een van hierdie teenwoordige tyd profesieë wat vervul word is: **"Kyk, Ek maak Jerusalem vir al die volke rondom tot 'n beker van bedwelming, en ook teen Juda sal dit wees tydens die beleëring teen Jerusalem. En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word"(Sag. 12:2-3.)** Nie een profesie word in die godsdienstige boeke van Islam, Boeddhisme of enige ander godsdiens gevind nie! God het aan die Jode en die Christene die bewys gegee dat die Bybel alleen Sy Woord is, en dat Hy is wat Hy sê Hy is. Sy Woord, die Bybel, verander mense se lewens. Jesus sê in **Joh. 6:63: Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe**.

God is 'n lewens veranderende God, en Sy Woorde is gevul met Sy lewe, ingeblaas in die woorde self. Soos ons begeer om nader aan Hom te kom, word Sy Woord lewend in ons harte. Dan as die Woord van God in ons vorm en groei, verander die Heilige Gees ons deur ons denke te vernuwe, ons te reinig en die begeertes van ons harte te verander.

Koning Dawid het dit op hierdie manier gesê, **"Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord. Ek soek U met my hele hart; laat my nie afdwaal van u gebooie nie. Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie" (Ps. 119:9-11).**

Die Woord van God sal jou lewe verander, dit het myne verseker verander..

So sal My woord wees wat uit My mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur (Jes. 55:11). □

NO GREATER LOVE

When we read in Genesis of God's care and gentleness in His creating man, we become aware of His deep love and tenderness: **And the LORD God formed** (moulded) **man *of* the dust of the ground, and breathed into his nostrils the breath of life; and man became a living soul. (Gen 2:7**) We see in this description, the beautiful union of the divine breath of God, combined with the Earth's clay to form the crown of His creation, a living human being with whom He could have fellowship, and man could have a personal relationship with a personal God. **I John 4:16** tells us that **...God is love..!** That is His nature, it is built into His character, and expresses Who He is.

We read of His unconditional love for His people in **Deut. 7:7-8: The LORD did not set His love upon you, nor choose you, because ye were more in number than any people; for ye *were* the fewest of all people: But because the LORD LOVED you..**

God's love does not fluctuate according to how well or badly we have behaved, or "how He may be feeling today", His love is constant, because His whole nature is Love. His very heart is love. We, on the other hand find it difficult to love those who offend us, and our love changes from day to day, depending on our moods, but God's love is a choice – it is Agapé love which is constant. **...God IS love..!**

Not only is God's love constant, but it is everlasting! We read in **Jer. 31:3: The LORD hath appeared of old unto me, *saying,* Yea, I have loved thee with an EVERLASTING love: therefore with lovingkindness have I drawn thee.** The Word of the Lord tells us that God loved us while we were still sinners, unlovely and dead in our trespasses , **Rom 5:8: But God commendeth His love toward us, in that, while we were yet sinners, Christ died for us.** So then, if He loved us to the point where He was willing to send His precious only begotten Son Jesus to die for us when we were in that rebellious condition, we can be assured that His love for us, His Children, will be Eternal. What amazing love this is, that a Father would be prepared to give His Son as a living human sacrifice to die the most gruesome death so that sinners could be saved! **John 3:16: For God so loved the world, that He gave His only begotten Son, that whosoever believeth in Him should not perish, but have everlasting life.** I wonder how many of us would even consider the thought our son having to be put to death in such an horrific way, just so that unworthy sinners could go free?! Yet this is the love of our Father God! **Herein is love, not that we loved God, but that He loved us, and sent His Son *to be* the propitiation for our sins. (1John 4:10)**

Jesus, gave up His throne and His glory and His majesty in Heaven to come to Earth as a human being, to pay the price that only He could pay in order to make it possible for mankind to be reconciled to Father God. Now THAT is love. Jesus is the express image of the Father as we read in **Hebrews 1:3** (Jesus) **Who being the brightness of *His*** (the Father's) **glory, and the express image of His person, and upholding all things by the word of His power, when He had by Himself purged our sins, sat down on the right hand of the Majesty on high;** He said in **John 10:30 I and *M*y Father are one.** Therefore Jesus has the same nature, the same character as His Father, and the same Agapé love. He said in **John 10:17-18 Therefore doth My Father love Me, because I lay down My life, that I might take it again. No man taketh it from Me, but I lay it down of Myself. I have power to lay it down, and I have power to take it again. This commandment have I received of My Father.** No one could have killed Jesus without His consent. He CHOSE to go to the cross and die for you and for me because He knew that there was no other way by which man, who was destined for hell, could be redeemed and receive salvation. THE ULTIMATE ACT OF LOVE - of both the Father and of the Son. **For when we were yet without strength, in due time Christ died for the ungodly. For scarcely for a righteous man will one die: yet peradventure for a good man some would even dare to die. But God commendeth His love toward us, in that, while we were yet sinners, Christ died for us.(Rom 5:6-8)** That is the measure of Christ's love. It cost Him literally all He had, not only His former glory in Heaven, but His very life. His precious, holy blood was poured out for our redemption. Meditate on that self sacrificing act of love of Jesus, and know that it is the measure of God's love for you and for me. We experience a small taste of what real sacrificial love is all about, as a parent towards our child.

Paul prays that we, as God's children, might come to a knowledge of such a love. He prays: **That He would grant you, according to the riches of His glory, to be strengthened with might by His Spirit in the inner man; That Christ may dwell in your hearts by faith; that ye, being rooted and grounded in love, May be able to comprehend with all saints what *is* the breadth, and length, and depth, and height; And to know the love of Christ, which passeth knowledge, that ye might be filled with all the fulness of God. (Eph 3:16-19)** It says that, because we are rooted and grounded in LOVE we will be able to comprehend fully the extent of the Love of Christ and therefore be filled with all the fullness of God! The child of God is actually planted in this love that supersedes all head

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - No Greater Love)

knowledge of love, so that we can experience the full dimension of God's Love. The breadth, length, depth and height. When we walk in this love and act upon it, we move in the FULLNESS of the spiritual realm. In this way, you bring the love of God into your circumstances. When we do not live in this LOVE, we do not comprehend the love of God. We may know God's word, but we only fully understand this Divine Love, when we are putting it into practice. And we can do this because we have been born again by the Spirit of God and now have His divine nature – which includes His Agapé Love. We read of this new nature, this divine nature that we have when we appropriate God's exceedingly great and precious promises to us in His Word. **According as His divine power hath given unto us all things that *pertain* unto life and godliness, through the knowledge of Him that hath called us to glory and virtue: Whereby are given unto us exceeding great and precious promises: that by these ye might be partakers of the divine nature, having escaped the corruption that is in the world through lust. (2 Pet. 1:3-4)** We, who are now Jesus' disciples and children of our Heavenly Father, have brand new natures, divine natures, and are thus capable of showing forth the kind of love that comes from our Heavenly Father and His Son. **Therefore if any man *be* in Christ, *he is* a new creature: old things are passed away; behold, all things are become new. (2 Cor. 5:17)**

It is written of the Apostle John, **Now there was leaning on Jesus' bosom one of His disciples, whom Jesus loved. (John 13:23)**

John, the beloved, was given the Revelation of Jesus by an Angel, and he wrote the book of Revelation, but he is also the author of the Epistles of John. He was obviously very close to our Lord Jesus Christ, and knew what was on His heart, so we need to consider with great earnest these inspired words he penned in **1John 4:7-21: Beloved, let us love one another: for love is of God; and every one that loveth is born of God, and knoweth God. He that loveth not knoweth not God; for God is love. In this was manifested the love of God toward us, because that God sent His only begotten Son into the world, that we might live through Him. Herein is love, not that we loved God, but that He loved us, and sent His Son *to be* the propitiation for our sins. Beloved, if God so loved us, we ought also to love one another. No man hath seen God at any time. If we love one another, God dwelleth in us, and His love is perfected in us. Hereby know we that we dwell in Him, and He in us, because He hath given us of His Spirit.**

And we have seen and do testify that the Father sent the Son *to be* the Saviour of the world. Whosoever shall confess that Jesus is the Son of God, God dwelleth in him, and he in God. And we have known and believed the love that God hath to us. God is love; and he that dwelleth in love dwelleth in God, and God in him. Herein is our love made perfect, that we may have boldness in the day of judgment: because as He is, so are we in this world. There is no fear in love; but perfect love casteth out fear: because fear hath torment. He that feareth is not made perfect in love. We love Him, because He first loved us.

The Christian walk is not one of religious exercises, a list of do's and don'ts, it is based on relationships! It is founded on God's love for us and our love for Him and for one another. That is why He says that He is our Heavenly Father, we are related to Him in the spirit. We can call Him Abba Father (Daddy) by the Holy Spirit. **And because ye are sons, God hath sent forth the Spirit of His Son into your hearts, crying, Abba, Father. (Gal. 4:6)**

When asked by a lawyer what the most important commandments were, **Jesus said unto him,Thou shalt love the Lord thy God with all thy heart, and with all thy soul, and with all thy mind. This is the first and great commandment. And the second *is* like unto it, Thou shalt love thy neighbour as thyself. (Matt. 22:37-39)** James, Jesus' brother refers to it as THE ROYAL LAW, he says in **James 2:8: If ye fulfil the royal law according to the scripture, Thou shalt love thy neighbour as thyself, ye do well.**

It is important that you read 1 Corinthians chapter 13 at this point, for a full understanding of what love really is.

Living the Christian life, is living a life of relationships based on love. Jesus went one step further when teaching His disciples the principles of this love walk, when He said; **Ye have heard that it hath been said, Thou shalt love thy neighbour, and hate thine enemy. But I say unto you, Love your enemies, bless them that curse you, do good to them that hate you, and pray for them which despitefully use you, and persecute you; That ye may be the children of your Father which is in heaven: for He maketh His sun to rise on the evil and on the good, and sendeth rain on the just and on the unjust. For if ye love them which love you, what reward have ye? do not even the publicans the same?(Matt. 5:43-46)**

At the last Passover meal which Jesus shared with His disciples on the night before He was crucified, He told them, **A new commandment I give unto you, That ye love one another; as I have loved you, that ye also love one another. By this shall all *men* know that ye are My disciples, if ye have love one to another. (John 13:34-35)** Jesus knew that if His disciples could love in this manner, there

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - No Greater Love)
would be no need for any of the old laws, because the Love Law supersedes all others. **(Rom 13:10) Love worketh no ill to his neighbour: therefore love *is* the fulfilling of the law.**

This new Law Jesus instituted just before He was crucified, is in fact a commandment – it is not optional. We read in **I John 4:20-21: If a man say, I love God, and hateth his brother, he is a liar: for he that loveth not his brother whom he hath seen, how can he love God whom he hath not seen? And this commandment have we from Him, That he who loveth God love his brother also.** Jesus would not have asked us to do something that he had not done Himself as an example for us to follow, nor would He have expected us to do it in our own strength. He sent the Holy Spirit to indwell us and enable us to live the Christian life.**I Cor. 6:19: What? know ye not that your body is the temple of the Holy Ghost *which is* in you..** And **Romans 5:5** tells us **.... because the love of God is shed abroad in our hearts by the Holy Ghost which is given unto us.** The love that we require in order to walk this Love Walk, comes directly from God and is imparted to us by the Holy Spirit Who indwells us and enables us to do so! Thus, we have no excuse for failing to choose to operate in love on a daily basis. We read in **I Peter 4:8 And above all things have fervent charity** (love) **among yourselves: for charity** (love) **shall cover the multitude of sins.** We need to put ourselves in the other person's place more often, and respond to them as we would desire them to react towards us if we were in their shoes. **We then that are strong ought to bear the infirmities of the weak, and not to please ourselves. Let every one of us please *his* neighbour for *his* good to edification. For even Christ pleased not Himself; but, as it is written, The reproaches of them that reproached thee fell on Me. (Rom. 15:1-3)**

You may be wondering how it is possible to love a person who is in total rebellion to God, living a sinful life, full of anger with an addiction to substance abuse? Or someone who has treated you or a loved one despicably? It is not is not easy, but it remains a choice, because the God kind of Love is Agapé Love – we choose to love. However, we do not love THE SIN, but THE PERSON – because the Word tells us in **Ephesians 6:12 For we wrestle not against flesh and blood, but against principalities, against powers, against the rulers of the darkness of this world, against spiritual wickedness in high *places*.** We are not up against individuals, but against evil spirits that operate through them, and to which they are in bondage.

WE ARE TO HATE THE SIN BUT LOVE THE SINNER, because that is what Jesus did for you and me! We need to lay down our life for them through prayer and fasting, so that they may be set free from the chains and bondages of Satan, and so that they might come to know the Lord Jesus and the abundant Life He came to bring them. In an act of extreme, extravagant love, Jesus lay down Himself for you and for me, now He wants us to do the same for others. The God kind of Love, cost the Father and the Son, but it was a price they were to pay, and if you and I are to be imitators of Christ, it will cost us too. O, but the joy that obedience brings - the reward is so great! When you see the results that the laying down of your life for another can bring – nothing comes near to the joy experienced, and, above all, it brings much glory to the Father in the Name of Jesus His Son. Love conquerors all, and it overcomes all evil. The is no power on earth stronger than love to defeat Satan. That is what Jesus used to defeat him on the cross of Calvary.

And we have known and believed the love that God hath to us. GOD IS LOVE; and he that dwelleth in love dwelleth in God, and God in him. (1 John 4:16)

Be ye therefore followers of God, as dear children; And walk in love, as Christ also hath loved us, and hath given Himself for us an offering and a sacrifice to God for a sweet smelling savour. (Eph. 5:1-2) □

HOE OM TE BESTEL:

Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons.

Posgeld en verpakking R3.00 per boek of CD.

LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/ VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE

HOW TO PLACE AN ORDER:

Please indicate the books you require by marking the block next to the title. Then either deposit the amount directly into the banking account (and fax deposit slip and order), or send a crossed cheque or postal order together with your order to us.

Postage and packaging costs R3.00 per book or CD.

NB: PLEASE INDICATE YOUR INITIAL, SURNAME AND TOWN IN THE "REFERENCE" SECTION ON THE DEPOSIT SLIP

Bank besonderhede / Banking details:
Stanger Christian Centre, First National Bank
Acc: 53730091667 Code: 220129, Branch: Stanger
Fax: (032) 5525411

uit **Dr James se kantoor**

Geliefdes in Jesus,

Ek kan dit skaars glo dat dit die laaste "Uit Dr James se kantoor" is vir hierdie jaar. Hierdie jaar het waarlik verby gevlieg en ek voel altyd dat ons die tyd moet delg omdat die dae waarin ons leef waarlik die laaste van die laaste dae is. 2011 was 'n baie produktiewe jaar vir die Sentrum gewees. Die Here het ons wonderlik geseën met Sy liefde, beskerming, openbaring van Sy Woord en voorsiening. Weereens wil almal hier by die Sentrum elkeen van julle bedank vir die seëninge waarmee julle ons lewens verryk het. Baie dankie vir al julle oproepe, briewe, getuienisse, gebede, aanmoediging, liefde en finansiële ondersteuning. Ons gee voortdurend alle dank en eer aan ons Hemelse Vader vir julle gehoorsaamheid om gewillige kanale van Sy voorsiening te wees deur om te bid en vrywillig te gee. Mag julle oorvloedige seën ontvang vir alles wat julle gedoen het tot die eer van die Here hierdie afgelope jaar sodat die Woord van Waarheid duisende kosbare siele kon bereik.

Dit is alleen die Woord van God wat Red, Vrymaak en Genees, soos God se Heilige Gees dit volbring in die Naam van Jesus in die lewens van diè wat op Hom vertrou. Die wins van julle aandeel om ons by te staan en wat dit vir ons moontlik maak, wag vir julle in die Hemel en is van Ewige Waarde. Baie dankie vir julle gebede wat ons gedurende 2011 gedra het. Baie kosbare siele is gewen vir die Koninkryk van ons Hemelse Vader, soveel mense is verlos van die onderdrukking van die vyand en ons juig oor die vele liggame wat genees is en siele wat gered was. Alle eer aan ons Hemelse Vader en ons Here Jesus wat dit alles moontlik gemaak het deur Sy Kruisdood. Ons Vader is getrou en regverdig en ons kan nie begin om die dankbaarheid wat in ons harte is teenoor Hom, uitspreek nie, dit is te groot, te veel en oorweldigend. Dankie Here!!

Ons as gelowiges leef in 'n baie opwindende tydperk waarin baie Bybelse profesieë voor ons oë tot vervulling kom. By diè tyd sal ons lesers al weet dat die Here se Woord gebaseer is op profesieë – nl. tussen 5 en 6 duisend van hulle. Die Here sê 3000 jaar gelede, "Ek vertel julle nou, sodat wanneer dit gebeur, weet julle dat Ek God is." Verder sê Hy. "Sal Ek dit sê en dit nie doen nie?" Dit is asof 'n mens die Sondag koerant lees wanneer jy kyk hoe die profesieë nog steeds in detail verwesenlik word. In die lig hiervan, vertrou ons dat die belangrikheid van die artikel in hierdie maand se brief, 'n werklikheid vir u sal word.

Ons vertrou dat die eksamen uitslae bo alle verwagtinge sal wees want ons het ernstig vir al die skoliere en studente gebid. En ons loof en prys die Here vir die wonderlike tyd van rus en vakansie wat vir almal voorlê. Ons bid vir die Here se beskerming en dat elkeen tydens hierdie vakansie geseënd sal wees. Wie weet, volgende jaar kan die jaar van die wederkoms van die Here wees?

Hou julle oë na die Hemele gerig!!

Wees geseënd!

Met baie liefde in Jesus

Dr James

Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek wil vir Dr. en u span hartlik bedank vir julle se gebedens wat ek gevra het 2007, dat ek en my broer vir vyf jaar nie met mekaar gepraat het nie. Ek was regtig verbitterd teenoor my broer want hy het my baie seer gemaak, maar na ek u boekie van die krag van vergifnis gelees het, het daar iets oopgegaan. Die 1 Augustus het ek 'n sms na my broer gestuur om te smeek vir vergifnis. Na 6 dae het hy na my toe gekom en ons het die saak uitgemaak. Ek loof die Here daarvoor en ek sê vir almal dankie by die Christelike Sending. Die Here seën.

Mev M Fielies, Delportshoop

Ek skryf net om vir u te sê dat my suster wat oortrek was met kanker is genees deur Dr en personeel, en ons almal se gebede. Prys die lieflike naam van ons Vader. Baie, baie dankie! Jesus groete.

Mev P Erasmus, Bronkhorstspruit

Vandat ek saambid van 7-8 het my gemoed gelig en as die benoudheid my in die nag wil bekruip, sê ek net my Skriffies op, wat jul met my saambid. Ek begin elke dag as dit tyd word vir bid, die Here se seën op julle daar afbid, wat soveel jare, so getrou en onbaatsugtig, duisende gebede opgestuur het. Julle gaan net aan, jaar in en uit, bly jul getrou vir ander intree.

Mev A Celliers, Gezina

Ek groet u in die wonderlike naam van Jesus. Ek wil net baie dankie sê vir gebed wat opgegaan het vir my. Die Here is so goed hy het my blaas gesond gemaak. Ek het omtrent vir 'n jaar probleme gehad met my blaas, ek kon nie baie drink goed drink nie, want dan moet ek toilet toe, maar ek prys die Here hy het wonders gedoen. Ek het gesê vir die Here ek sal sy naam groot maak, net waar ek gaan.

(Vervolg op Bl. 8)

(vervolg vanaf Bl. 7 - Ons God van Wonderwerke)

Dankie Dr van Zyl dat julle so vir ander mense bid. Dit is nie meer lank nie, dan gaan ons juig in die Hemel. Met baie liefde

Susan Brewer

Graag wil ek u meedeel dat Jesus ons gebede verhoor het. Hy het weereens voorsien. U het saam met my gebid vir my seun Johan, vir werk. Hy het die 1ste September begin werk en is baie dankbaar dat hy sy praktiese ure kan voltooi om te kan kwalifiseer vir die beroep wat hy sy hart op het. Ek loof en prys die Here daarvoor.

Centurion

Sondag die 26 Junie, het my skoonsus my gebel om my geluk te wens met my verjaarsdag. Sy huil tussendeur en sê sy voel nie lekker, sy spoeg bloed. Ek sê vir haar dit is nie reg, sy moet by die dokter uitkom. Vrydag die 8 Julie skakel ek skoonsus, waarop sy weer huil en sê sy voel nie lekker en sy spoeg nog bloed. Sy het 'n afspraak by die dokters vir 2 uur daardie middag gekry. EK hoor niks maar besluit om haar 6 uur te bel waarop sy my meedeel daar was xstrale geneem en sy het 'n kol op haar linker long. Sy moet onmiddelik Maandag die 11 Julie in die hospitaal opgeneem word waar die spesialis nog toetse gedoen het na die biopsie en nog scans. Hy het gesê hy kon nie opereer nie omdat die gewas kwaadaardig is en het al aan die aorta van die hart vas gegroei. SO ook haar ribbe, hy sal glad nie so 'n operasie doen maar gaan 'n sny bo haar linker bors maak om vas te stel watter graad kanker is, sodat hulle chemo en bestraling kan begin. Hulle neem haar teater toe en baie mense het vir haar gebid, maar toe hy sny sien hy dat hy sy hand agter die hart kan in kry. Toe sy wakker word in ICU was dokter daar en sê aan haar ek gaan opereer en die long verwyder toe ek in gegaan het was daar wel plek agter waar ek kon werk. Die vorige dag geen hoop, die volgende dag daar is hoop. Dankie Here!! Hy sê sy moet net wag, hy sal haar meedeel wanneer 'n operasie gaan plaasvind. Alles word gereel vir Maandag 18 Julie, dit sal 'n lang operasie wees, en sy moes in ICU bly. Die operasie was 3½ uur lank, 1½ dae in ICU, en die personeel kon nie hulle oë glo nie. Die dokter nog minder, hy sê dit is wonderwerk, alle kanker is verwyder, geen kanker in die kliere, en geen bestraling of chemo nodig nie. Haar liggaam is skoon van kanker. Saterdag die 23 Julie word sy ontslaan. Op die 10 Augustus gaan sy na die dokter op die clips uit te haal. Hy het na haar gekyk en net gesê dat sy 'n wonderwerk is wat voor hom sit. Prys die Here!!!! Sy kon weer begin werk. Prys die Here sy is gesond!!

Ella Martin, Krugersdorp

Ek groet julle, ek voel net gebless vandag! Hier diep binne ervaar ek 'n opgewondenheid. Ek weet nie waarom nie, maar ek doen. Dis so dat ek in trane wil uitbars. Ons God is ongelooflik goed. Dankie dat u vir my intree wanneer ek daarvoor vra. Ek wil nie meer 'n sondaar wees nie, ek wil so leef, dat Hy van uit die hemel vensters, met trots vir die engele sê deur haar word ek verheerlik. Geseënde week vir u, en mag Sy vrede en genade jul by bly tot in ewigheid. Liefde.

Mev C Moss, Secunda

Spesiale Woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.